WONDERLUS

Mediagids

Silwerskermfees 2017

Kyk die lokprent hier

Wonderlus

Sinopsis:

'n Troue draai op sy kop en die volgende oggend moet vriende en vyande die raaisel van die vorige aand probeer oplos. 'n Bruidegom moet die liefde van sy lewe agternasit, 'n bruid moet haarself los maak van haar verlede en 'n kelnerin moet haar hede ontsnap.

Loklyn:

Doen wat jy moet.

Die vraag:

Waar kry ons, ons idee van liefde vandaan? Is dit wat ons daarvan verwag regverdig?

Ons lewe in 'n tydperk van romantiek, filters en blou regmerkies. Ons ken die stories wat van ons verwag word. Ons streef daardie stories na. Snaaks hoe dit gewoonlik moeiliker gedaan as gedink is.

Om verlief te wees is alles. Ons kan nie ophou glo nie. Die antwoorde wat flieks ons gee moet tog reg wees, want hoe bestaan die idee, maar nie die realiteit nie?

Miskien is die idees vals. Of miskien is dit net nog nie sulke tyd nie.

So, doen wat jy wil, of doen wat jy moet.

Nouvanaand Films

Karakters

01

PIETER

Hy's die gelukkigste man op aarde, of so oortuig hy homself.

Die stemmetjie wat skreeu vir avontuur het hy lank reeds versmoor. Sy ouers laat nie sulke dinge toe nie. En nou hy ook nie.

Hy trou op die regte tyd en die regte plek - behalwe vir die tannies wat verdwaal, het alles uitgewerk soos dit moet. Soos nog altyd.

Behalwe vanaand.

As jy die verantwoordelike tipe is, is teëspoed 'n vreemde nuwe vyand. En as jy besef wat jy gemis het, byt jy dalk te veel af.

"Ek beplan nooit weer niks nie."

02

BRUID

Sy's nog te onvolwasse vir die besluit wat sy pas geneem het - daar's niks soos sekuriteit om 'n meisie se knieë lam te maak nie.

Dis lank terug wat sy laas verlief was, want dis lank terug dat sy haarself toegelaat het om seer te kry. Haar ouers het baklei tot op die punt van skei, haar verhouding met haar pa is 'n sinnebeeld van dáái cliché.

Sy't veilig besluit - haar beste vriend sou mos die beste lewensmaat maak. Maar, die verlede het 'n manier om jou te jag as jy nooit laat gaan nie.

En nee, sy het nie 'n naam nie.

"Kom ons kom hier weg?"

03

WAITRESS

Sy's ooglopend verliefraakbaar, want sy's ooglopend ontembaar. Haar gunsteling band sou jy nog nie van gehoor het nie, haar gunsteling tydperk is een voor selfone. Haar siel voel oud en dis haar oë wat dit verklap.

Waitress is op soek na groener weivelde en is besig om die pad oorsee aan te pak. Sy gaan iewers Engels gee - maar dis nie dat sy weghardloop nie.

Verál nie van haar verlede nie. Vroeg ryp, vroeg rebels, en een te veel gebroke harte wat in die skrapnel van laat aande en windverwaaide verantwoordelikheid lê.

Op haar laaste aand in die land ontmoet sy vir Pieter op die laagtepunt van sy lewe, en haar ontferming oor sy toestand toets haar beterwete.

Sy het ook nie 'n naam nie.

"Is jy altyd so bekommerd oor wat moet en wat moenie?"

Karakters

04

RUAN

Hy's net hier vir 'n lekker tyd. Maar almal moet 'n lekker tyd hê.
Ruan is regtig lief vir Lindie - dis wat almal sê as hulle skinder oor die twee se bakleiery. Die oomblik wat hy dink hy't haar getem gekry sê hy alweer iets verkeerd. Maar hy's lief vir haar, belowe. En hy't al geleer hy mag nie die woord 'irrasioneel' voor haar gebruik nie.

Hy's oud genoeg om te leer uit die klappe wat die lewe hom gedeel het, so dis belangrik dat mense dinge nie té ernstig opneem nie. Want sien, hy wil ook eendag trou, net nie nou nie.

"Jy weet ek vergeet nie, ek onthou net nie altyd so lekker nie."

05

LINDIE

Sy sou mooi wees as sy nie so kwaai was nie. Of wag, sy's nogsteeds mooi. Maar make-up is belangrik.

Sy leef 'n vurige bestaan om seker te maak sy hou meeste mense op 'n afstand. Snaaks hoe Ruan die enigste een is wat dit met haar uithou. Nie dat sy vir enigiemand gaan verander nie.

Haar intuïsie is selde verkeerd, en met emosies so duidelik op haar mou het dit haar al vele verhoudings gekos. En vir vanaand, selfs die titel van strooimeisie.

"Ek is moeg vir ons gesprekke oor die gesprek."

Karakters

06

LUKAS

Gerrie se teenpool en almal se oogappel. Dis min dat hy homself moet voorstel.

Soos die lewe aanhou in sy guns uitspeel, speel Lukas graag saam, verál as dit vroumense behels. Maar nie vanaand nie. As jy lank genoeg die noodlot tart, gaan karma kom om jou losbandigheid te bedaar.

Onthouding is 'n moeilike speletjie, veral as een van jou beste vriende die knoop deurhaak. Maak nie saak hoe hard jy met hom daaroor stry nie.

"As jy betaal vir tiete, verwag jy tiete."

07

KATRIEN

Sy sien besonders baie uit vir die soetsappigheid om klaar te kry. En dis jammer dat sy 'n rok moet dra terwyl dit gebeur.

Die liefde is vir haar nog altyd 'n illusie, nie dat sy dit wil ontneem van enigiemand nie. Hoekom Lindie en Bruid stry gekry het gaan haar verstand te bowe, mens sorteer dit mos uit soos grootmense?

Gelukkig is daar sjampanje om die druk van die dag te demp. Want hierdie cleavage voel darem bietjie erg.

"Mag ek nooit 'n ma ontmoet nie."

08

GERRIE

Hy is gewoonlik die laaste ou om iets te sê, omdat hy gewoonlik die objektiewe een wil wees. As hy maar net op 'n aand soos vanaand na se eie slimgeid wou luister.

Sy saggeaardheid kry gewoonlik die beter van hom in sy stilswyende soeke na liefde. Dié dat hy die logiese een geword het - die teleurstellings moes hy op een of ander manier rasionaliseer.

Almal wil verlief raak by aangeleenthede soos hierdie. Behalwe hy en Lukas. Of, solank dit nie langer as die aand hou nie.

"Dis nou sulke tyd."

Karakters

09

ELSA

Vir haar voel alles perfek, wel amper - dis vir ’n slag Gerrie se beurt om uit sy dop te klim. Sy’t nou al genoeg duidelik gemaak hoe sy voel.

Oor die groot dag is sy omtrent meer opgewonde as Bruid, en - wonder bo wonder - werk dinge dalk uiteindelik vir haar ook uit.

Haar naïwiteit spruit eintlik uit ’n tekort aan ervaring - maar wie wil nou ontnugter word op so ’n mooi dag?

“Dis net ’n vry, ek wil nie sy ma ontmoet nie.”

10

WARREN

Hy’s altyd by die partytjie. Maar hy moet jou altyd daarvan herhinner. Wanneer jy hom wel raaksien is dit oor hy een of ander wysheid kwytraak, en jou dan sommer laat besin oor jou bestaan.

Hy’t lankal vrede gemaak met ’n eensame lewe. Dis die normaalste ding in die wêreld, jy sien. Alles kom op die ou-end neer op papierwerk, en wie het nou eintlik tyd daarvoor?

“Sonder pyn sou ons geen plesier geken het nie.”

Agter die skerms

Sulet Meintjes, kostuumontwerper.

Met watter karakter in Wonderlus identifiseer jy?

Waitress

Wat is tans jou verhoudingstatus?

Geskei

Hoe voel jy oor die idee van trou?

Gemengde gevoelens

V: Wat moes jy doen om die kostuums natuurlik te laat voorkom binne elke karakter se persoonlikheid?

A: Ek leer eers die karakters ken; ek wil hulle verstaan en tot 'n mate in hul skoene staan. Ek identifiseer graag die karakter met iemand wie ek ken, ek wil sover ek kan die karakters eg en geloofwaardig laat voorkom.

V: Hoe hard het julle regtig aan die kostuums gewerk as almal dan heeltyd kaal is?

A: Almal was definitief nie heeltyd kaal nie, maar wanneer almal kaal is, is daar ander komplikasies wat in kom in terme van nipple caps en "merkins". Hoe minder verskeidenheid van uitrustings jy het vir 'n karakter, hoe meer aandag moet jy aan elke liewe detail gee.

V: 'n Trourok sê baie oor die bruid, wat sê hierdie trourok oor hierdie bruid?

A: Dit gee 'n idee dat sy tot 'n mate konvensioneel is, maar ook nie. Dit is ook wat haar kompleks maak in haar eenvoudigheid. Daar is iets klassiek aan die rok maar ook iets modern, dis 'n eenvoudige, meer klassieke silhouette, simplisties maar op dieselfde tyd maak dit 'n statement.

Agter die skerms

Waldemar Coetsee, produksie-ontwerper.

Die Dominee

Getroud

Op 25 - Not interested.
Op 26 - Waar kuier ons vanaand?
Op 28 - Verlief en wou nou trou.
Op 33 - Kom ons geniet die volgende fase.

V: Almal het idees of drome oor troues, waarom het julle besluit om julle troue op hierdie manier uit te beeld?

A: Johan was ons bruid, en ons die wedding planners. Aanvanklik lyk alles fine, maar sodra jy na die omgewing kyk, sal jy sien dat die werklikheid nie so sprokiesagtig is nie.

Ons het 'n paar elemente geidentifiseer met 'n dieper of metaforiese betekenis soos wind as die soeke na liefde en water as refleksie van wat jou verwagtinge van liefde kan wees. Verder was daar gedagtes oor wat die atmosfeer van 'twilight' kan bied aan die vertelling, wat 'n prominente element in die film se estetika is.

V: Wat is die verskil tussen 'n regte troue en 'n fliek troue, hoe vind mens die balans om die stel goed te laat lyk maar ook om die storie eerlik te vertel?

A: 'n Regte troue moet net vir die genooides spesiaal voel, maar vir n film troue moet dit die kykers ook aanraak.

Chris Joubert, produksie-ontwerper en kunsregisseur.

Ruan

In 'n verhouding

'n Geleentheid beskore vir iemand anders as myself

V: Almal het idees of drome oor troues, waarom het julle besluit om die troue op hierdie manier uit te beeld?
A: 'n Troue gaan mos eintlik oor die bruid. Dit is haar groot dag, waaroor sy droom van kleins af. Gewoonlik maak sy elke besluit. Daarom het ons alles om Bruid se karakter en persoonlikheid beplan vir die troue in die fliek.

V: Die bier, whiskey en sigarette wat in die film gebruik word is alles opgemaakte handelsmerke. Waar het julle daaraan gekom?
A: Met Wonderlus het ons geleentheid gebruik om name en ontwerpkeuses aan elke produk te koppel wat praat van die karakters, wie dit gaan gebruik, se persoonlikheid of om die omstandighede waarin hulle dit gebruik te beklemtoon deur die ontwerp, kleurkeuses en name.

V: Wees nou eerlik, was dit regte dagga by die dam?
A: Wel dit is mos nou wettig! Of hoe?

Agter die skerms

Devin Toselli, cinematographer.

I suppose the groom. Maybe that's just a stereotype that society dictates. But I like that idea, so maybe it's not too bad.

I am very much in a relationship

I believe marriage is a great partnership. Thankfully I have great role models. My parents have been together for 34 years this year, so it's an idea that I am very much looking forward to.

Q: How did you use the camera to convey the feeling of the film?

A: Modern technology has given me so many amazing tools to tell a story and guide an audience. But there is something to be said about achieving something simply and beautifully. We shot the film entirely hand held, minus a few shots mounted on a car. The soft untenable moment of a camera held in a hand is such a lovely tool to keep an audience engaged.

Q: How did you create a such intimacy in certain scenes?

A: I hope to think I achieved a sense intimacy and closeness in the scenes. Part of this is by creating a warm soft environment by lighting for our characters to be cocooned in. Secondly, by remaining within the space of the performance being close enough to hear the actor breathe.

Q: How did you harness nature to play a role?

A: It's funny to say that nature is a role-player. She definitely is because we are completely taken to task by her. Shooting a film is often described as being similar to going to war. We are against everything, and as film makers we try to manage our expectations of her, as her moods are ever changing. It's something we have to consider at every corner of making a movie.

Q: How do you shoot intoxicated characters?

A: The characters' intoxication is a huge part of the decisions in the film, and rightly so, the intoxication affects the way we show their character paths. Whether its beer goggles or paranoia, there are many elements in the film that are enhanced by the camera work, not only the characters taste for booze.

Agter die skerms

Johan Cronje,
skrywer, regisseur, redigeerder.

OOR DIE TEKS

V: Waar kom hierdie storie vandaan?

A: Uit dinge wat ek ervaar het en goeters waaroor ek nou nog wonder.

V: Jy verken die temas van liefde en verantwoordelikheid deur verskeie karakters. Waarom wou jy juis hierdie temas aanpak?

A: Ek dink dis belangrik om goeie vrae te vra. Belangriker as om te maak asof jy antwoorde het. Liefde is 'n komplekse ding waarmee almal wroeg en niemand regtig antwoorde op het nie. Ek wonder waar ons, ons idees oor liefde vandaan kry, en wou daardie vraag vra.

V: Hoeveel van die film is outobiografies en ken jy regtig hierdie karakters?

A: Alle verhale is tot 'n mate outobiografies, is dit nie?

V: Hoe lank het jy geskryf en wat het jou gehelp om nie op te gee nie?

A: Die konsep het so vyf jaar gelede begin posvat. Daarna was dit 'n saak van elke paarmaande soveel skryf as wat inspirasie my toegelaat het. Ek dink jy moet 'n sterk oortuiging hê vir hoekom jy 'n storie wil vertel. Dit, en 'n goeie lot vriende met eerlike opinies.

Gerrie. En Ruan. Vir verskillende redes.

Enkellopend.

Probeer dit nog vasstel.

V: Hoeveel keer was jy gevra om die vloekwoorde minder te maak in die teks?

A: Nee, fokkol.

OOR REGIE

V: Vir so 'n eerlike en somtyds hartroerende onderwerp, hoe het jy die atmosfeer op stel gelei?

A: Om flieks te maak is die lekkerste ding wat jy kan doen met jou klere aan. So, deur mense daarvan te herinner. Goeie gees, goeie moed.

V: Die film is baie intiem, hoe het dit die kamerawerk en algemene stylistiese keuses beinvloed?

A: Die doel was om 'n eerlike storie op die mees eerlike manier moontlik te vertel. Al die stilistiese keuses was deur daardie lens benader.

Agter die skerms

V: Wat is die proses wat jy gevolg het toe dit by die casting van die film kom? Hoe het jy geweet wie sal werk vir watter karakter?

A: Ons het begin deur die net baie wyd oop te gooi deur middel van video oudisies. Daarna het die akteur eintlik die karakter gevind. Mens dink nie die goed nie, mens weet dit net.

V: Hoe het jy die dinamika tussen die akteurs en hul karakters ervaar en gefasiliteer?

A: Die oomblik wanneer 'n akteur gecast word, is die karakter nie meer joune as skrywer óf as regisseur nie. Dis die akteur s'n. Jy is bloot daar om die akteur se proses te ondersteun.

OOR DIE REDIGERING

V: Hulle sê 'n storie word vir 'n derde keer vertel in die edit. Glo jy ook so?

A: Ek dink dit word eintlik die derde keer geskryf in die edit. Dis wel die eerste keer wat dit uiteindelik vertel word. En dis nogal vreesaanjaend.

V: Hoe voel jy het die storie verander van die skryffase tot nou?

A: Die gees het sonder twyfel behoue gebly, maar die prentjie in jou kop hou nooit op vervorm nie om rede dit so 'n oneindigende samewerking met al die verskillende rolspelers is.

V: Wat verkies jy: skryf, regie of redigering? En waarom?

A: Almal. Ek voel elkeen is tot 'n mate 'n fase van dieselfde ding. Ek was baie bevoorreg om met hierdie film meer as een te kon behartig.

Kyk die lokprent hier

Nouvanaand Films is ‘n film en televisie produksiehuis met die doel om uitstekende films en TV reekse vir die Suid Afrikaanse publiek te vervaardig. Die Nouvanaand span bestaan uit ‘n groep vervaardigers, skrywers, regisseurs, en redigeerders met die fokus om vars idees en wêreldklas formate na die nasie se skerms te bring.

Nouvanaand het in 2011 begin met die onhahanklike produksie van Strikfontein. In 2012 maak ons Like My Profile vir kykNet se Silwerskermfees en in 2013, in samewerking met Bottom Line Produksies, het ons die jeugdrama Sterlopers geskep, skryf en vervaardig.

In 2013 werk ons post-produksiespan aan die historiese drama, Donkerland en die ewe epiese Bloedbroers in 2015. Later in dieselfde jaar het ons Buurtwag, ‘n drama-komedie gemaak en ook Sterlopers 2, Tempo Toekennings se TV reeks van die jaar. Volgende was Suid Afrika se eerste mockumentarty, Hotel gevolg deur die komedie Phil101. Tussendeur het ons nog ‘n kortfilm, Oom vir Silwerskermfees vervaardig, asook die satiriese en skreeusnaakse Jou Nuusminuut met Schalk Bezuidenhout.

Nouvanaand se eerste vollengte film Wonderlus première by Silwerskermfees 2017 tesame met nog ‘n kortfilm: Die Maan Val Bewusteloos, terwyl Hotel 2 en ‘n nuwe sitcom Mens Mense aan die rol is.

Nouvanaand Films



Kyk die lokprent hier

Nouvanaand Films